*Die Algemene Brief van*

# IOUDA

| | | |
|---|---|---|
| **Outeur** | **:** | **Iouda, broer van IESO.** |
| **Aan** | **:** | **Getroue Joodse Gelowiges.** |
| **Rede** | **:** | **Om die Getroue Joodse Gelowiges aan te moedig teen die valse Gnostic leraars oor die koms van IESO se oordeel oor Isrhael.** |
| **Geskryf in** | **:** | **Jerusalem** |
| **Geskryf tussen** | **:** | **65-66 CE** |

## Voorwoord.

Hierdie brief is gerig aan lesers wat nie nader aangedui kan word. Hulle word lasting geval deur dwaalleraars wat hulle voordoen as ware gelowiges. Die lesers word aangespoor om getrou te bly aan die geloof in Aleim soos deur die apostels geleer. Hulle moet mekaar bystaan deur die krag van die Heilige Gees.

## Opskrif en Seëngroet.

**1** Iouda, 'n dienskneg van IESO die Gesalfde en broer van Iakobo,

Aan die wat geroep, in Aleim die Vader geheilig en vir IESO die Gesalfde bewaar is:

## Onderhou jou Lewe met Aleim teen die Bose en Valse Leraars.

2 Mag barmhartigheid en vrede en liefde vir julle vermenigvuldig word!
3 Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.
4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, Bose mense wat die genade van onse Aleim verander in ongebondenheid, en die enigste IEUE, Aleim, en onse Regeerder IESO die Gesalfde verloën.
5 Maar ek wil julle daaraan herinner, al weet julle dit nou eenmaal, dat IEUE, nadat Hy die volk uit Egipteland gered het, daarna die wat ongelowig was, omgebring het.
6 En die Engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;
7 soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.
8 Tog besoedel ook hierdie mense net so in hulle dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike wesens.
9 Maar toe Michael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van MoUse, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê:

IEUE bestraf jou!
***Zacharhia. 3:2. LXX MT***

10 Maar hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie; en alles wat hulle, soos die redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur gaan hulle te gronde.
11 Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in die verleiding van Balaam gestort en in die verset van Korhe omgekom.
12 Hulle is skandvlekke in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees saam fees hou en hulleself voer, waterlose wolke deur winde rondgedrywe, bome in die nasomer, wat sonder vrugte is, twee maal gestorwe, ontworteld;
13 woeste golwe van die see wat hulle eie skandes laat opskuim, dwaalsterre vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word.
14 En Enoch, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, IEUE het gekom met Sy heilige tien duisendtalle,

15 om gerig te hou oor almal en al die
Bose mense onder hulle te
straf oor al hulle Bose werke
wat hulle Booslik gedoen het,
en oor al die harde woorde wat die
Bose sondaars teen Hom
gespreek het.
***Enoch** 1:9; 5:4; 60:8. Apogriewe*

16 Hulle is murmureerders wat oor hul lot klae, en volgens hulle begeerlikhede wandel; en hulle mond spreek trotse woorde, terwyl hulle mense vlei ter wille van voordeel.

## Vermaning en Danksegging.

17 Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Regeerder IESO die Gesalfde,
18 dat hulle vir julle gesê het: In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie Bose begeerlikhede wandel.
19 Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat die Gees nie het nie.
20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid
21 en julleself in die liefde van Aleim bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Regeerder IESO die Gesalfde tot die ewige lewe verwag.
22 En aan sommige wat twyfel, moet julle barmhartigheid bewys;
23 maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk; en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde bevlek is.

24 "Aan Hom nou wat magtig is om
julle van struikeling te bewaar en

julle sonder gebrek voor Sy
heerlikheid te stel met gejuig,

25 aan die alleenwyse Aleim, ons Verlosser, kom toe
heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle
ewigheid! Amen.